Huppelkind
DAGSORGSENTRUM

Esna de Beer (07:00 – 17:00) 082 472 0637
Ontvangs 060 944 3940

ontvangshuppelkind@oraniacvo.co.za
skoolhoofhuppelkind@oraniacvo.co.za

Aalwynstraat Bo-Karoo Kampus Orania

Posbus 136 Orania 8752

# DAGSORG AANSOEKVORM EN OOREENKOMS

H

AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:

ORANIA CVO-SKOOL HANDELDRYWEND AS HUPPELKIND DAGSORGSENTRUM
Hierin verteenwoordig deur ESNA DE BEER en behoorlik daartoe gemagtig kragtens 'n algemene volmag aan haar verleen deur die bestuurskomitee.

(hierna genoem "die sentrum")

En

_______________________________________________ (volle name en van - VADER)

met identiteitsnommer: ________________________
EN

________________________________________________(volle name en van - MOEDER)

met identiteitsnommer: ________________________

(hierna genoem "die ouers")
Vir doeleindes van hierdie ooreenkoms sal die verwysing na "ouers" gesamentlik en afsonderlik na die vader en moeder onderskeidelik verwys en sal enige verpligtinge die vader en moeder gesamentlik en afsonderlik ten laste gelê word)

EN/OF (skrap indien nie van toepassing nie)

_______________________________________________(volle name en van – VOOG)

met identiteitsnommer: ________________________

(hierna genoem "die voog")

AANGESIEN HUPPELKIND DAGSORGSENTRUM 'n dagsorgsentrum bedryf waar kinders gedurende spesifieke ure van die dag opgepas en versorg word namens die ouers of voogde van die kinders;

DERHALWE KOM DIE PARTYE SOOS VOLG OOREEN:

Die ondervermelde kind sal gedurende die tye en ooreenkomstig die inskrywingstipe hieronder na verwys en/of uiteengesit in die aanhangsels, skedule of beleidstukke hierby ingelyf as deel van die ooreenkoms op die perseel bekend as Huppelkind, Bo Karoo Kampus, Aalwynstraat, Orania of ander plekke tydens uitstappies opgepas en versorg word deur personeel van die dagsorgsentrum en geregtig wees om deel te neem aan daaglikse aktiwiteite van die sentrum.

ONDERHEWIG AAN DIE VOLGENDE VOORWAARDES:

**1.BELANGRIKE KENNISGEWING**

1.1. Kragtens Artikel 49 van die **Verbruikersbeskermingswet**, Wet 68 van 2008, (hierna genoem "die VBW") word die ouers/voog se aandag gevestig op bepalings en voorwaardes in hierdie ooreenkoms uiteengesit wat 'n beperking plaas op die risiko of aanspreeklikheid van die sentrum; of wat 'n aanvaarding van 'n risiko of aanspreeklikheid deur die ouers/voog daarstel; of 'n verpligting plaas op die uuers/voog om die sentrum te vrywaar, of 'n erkenning van 'n feit deur die ouers/voog bevat.

1.2. **Alhoewel in hierdie kennisgewing in besonder verwys na klousules wat in vetgedruk is, is elke klousule in die ooreenkoms en bepalings in die beleidsdokumente belangrik en moet die betekenis en regsgevolge daarvan verstaan word alvorens die ouers/voogde hulleself daartoe verbind. Gevolglik, indien enige klousule of subklousule, of enige bepaling in die aanhangsels, skedule of beleidsdokumente vir enige party onduidelik is, moet elke party hulle eie regsadviseur nader om die betekenis en regsgevolge daarvan te verduidelik.**

**2.VERWANTSKAP MET KIND**

2.1. Die persoon/e wie se besonderhede in Aanhangsel B voorkom, verklaar dat hy/sy/hulle die ouer/s of wettige voog is van die kind,

__________________________________________________ (volle name en van van kind)

met identiteitsnommer/datum van geboorte_____________________________________
wie se verdere besonderhede in Aanhangsel A voorkom.
(hierna genoem "die kind")

2.2. Die Dagsorgsentrum is geregtig om te weier om 'n kind aan enige persoon anders as die ouer/voog of die verantwoordelike persoon, wie se besonderhede in Aanhangsel C voorkom, te oorhandig tensy die Dagsorgsentrum in hulle eie diskresie oortuig is dat 'n ander persoon met die ouers/voogde se toestemming gemagtig is om sodanige kind onder sy beheer en toesig te neem.

## 3.VRYWARING: (NOTA: LEES AANDAGTIG)

Ek, _____________________________________ **GELIEWE KENNIS TE NEEM dat alhoewel die SENTRUM redelike stappe ooreenkomstig gebiedende bepalings van toepaslike wetgewing en die gemenereg moet en wil neem om skade, verlies of besering van ouer, voog of kind te voorkom, en aan die ander kant gegewe die feit dat seerkry deel van grootword is, ongelukke gebeur en kwale mag ontstaan as gevolg van kontak tussen kinders, hierdie ooreenkoms uitdruklik onderhewig is aan die volgende vrywaring:**

**3.1. Die ouer/voog vrywaar hiermee die sentrum, sowel as sy bestuurskomitee, bestuurder, personeel, agente en kontrakteurs en onderneem om die sentrum, sowel as sy bestuurskomitee, bestuurder, personeel, agente en**



Kopiereg voorbehou: Hierdie inskrywingsdokument is die eiendom van Huppelkind Dagsorgsentrum in Orania.

**kontrakteurs skadeloos te stel teen enige aksies, prosesse, eise, aanmanings, aanspreeklikhede, verliese en redelike koste en uitgawes van welke aard ook al met betrekking tot of in verband met enige skade of verlies, hetsy direk of indirek wat 'n kind, ouer of voog of onderhoudspligtige van die kind of enige derde party mag ly as gevolg van die dood of besering of siekte van die kind of persoon wat die sentrum se terrein betree en/of die verlies/vernietiging/beskadiging van enige goedere van die kind, ouer, voog of derde party wat binne die sentrum se terrein gebring word; ongeag uit watter oorsaak sodanige skade of verlies of besering of siekte voortspruit en op watter nalatige of ander wyse ook al en deur wie ook al sodanige skade, verlies, siekte of besering veroorsaak is, tensy gebiedende wetgewing of die gemenereg die teendeel bepaal. ('n Vrywaring en skadeloosstelling is nie geldig en/of afdwingbaar as skade of verlies deur 'n opsetlike of grof nalatige doen of late van die gevrywaarde persoon of entiteit veroorsaak word nie).**

**3.2. Sonder om die algemene aard, trefwydte en omvang van die vrywaring te beperk, bevestig die ouers/voog hiermee dat die kind op die ouers/voog se eie risiko in die sorg van die sentrum geplaas word en sal die vrywaring verder ook van toepassing wees indien die kind aan aktiwiteite van die sentrum deelneem of dit bywoon, hetsy op die terrein van die sentrum of tydens 'n uitstappie elders of vervoer word na 'n uitstappie of vervoer word na enige ander plek byvoorbeeld na 'n mediese sentrum, die kind se woonadres of polisiestasie.**

ouer/voog van __________________________________ (kind se naam en van) verklaar hiermee dat ek hierdie vrywaring se aard en regsgevolge verstaan en my daaraan sal onderwerp en myself daartoe verbind.

Geteken te ____________________________ op hierdie _____dag van _____________________ 20_____

| | |
|---|---|
| | |
| **Handtekening: vader/ voog** | **Handtekening: moeder/ voog** |

## 4.GESONDHEID EN MEDIESE BEHANDELING VAN KIND

4.1. Die uuers/voog gee hiermee toestemming en aanvaar dat die bestuurder van die sentrum of haar verteenwoordigers enige mediese behandeling, wat hulle in hulle redelike oordeel nodig mag ag, op die kind mag toe pas.

4.2. Die ouers/voog sedeer hiermee al hulle magte en bevoegdhede aan die bestuurder of haar verteenwoordiger om instruksies, toestemming en/of magtiging te gee vir enige dringende mediese behandeling of operasies indien die bestuurder of haar verteenwoordiger dit in hulle redelike diskresie nodig mag ag.

4.3. Geliewe kennis te neem dat die Wet op Gesondheid (Wet no 63 van 1977) 'n dagsorgsentrum verbied om 'n kind by 'n sentrum toe te laat wat vermoedelik aan 'n aansteeklike siekte ly. Eers wanneer die siektetoestand opgelos is, mag die kind weer toegelaat word. 'n Doktersbrief moet ingedien word.

4.4. Die ouer/voog verklaar hiermee dat die kind nie aan enige aansteeklike siekte ly nie.

4.5. Hiermee gee die ouers/voog toestemming dat hulle aangewese dokter (besonderhede hieronder uiteengesit) of enige ander beskikbare dokter of mediese personeel indien omstandighede voordoen wat mediese ingrype vereis, deur die sentrum se personeel ontbied mag word. Hiermee wys die ouers/voog die volgende mediese dokter aan:

Naam en kontakbesonderhede van ouer/voog se aangewese mediese dokter.

________________________________________



Kopiereg voorbehou: Hierdie inskrywingsdokument is die eiendom van Huppelkind Dagsorgsentrum in Orania.

4.6. **Die ouers/voog verklaar eerlik en opreg dat die volgende inligting volgens die beste van hulle wete waar en korrek is:**

**4.6.1. Meld enige trauma wat u kind beleef het (bv. dood in die familie)**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

**4.6.2. Meld enige probleem tydens geboorte (bv. vroeggeboorte, hospitalisasie ens.)**

______________________________________________________________________________

**4.6.3. Was die geboorte normaal/keiser ens.?**

______________________________________________________________________________

**4.6.4. Meld besonderhede van borsvoeding/bottelvoeding.**

______________________________________________________________________________

| MYLPALE BEREIK: | SIT | ROL | KRUIP | LOOP | PRAAT |
|---|---|---|---|---|---|
| MAANDE / JARE: | | | | | |

**4.6.5. Meld die mediese geskiedenis van die kind:**

**Allergieë:** ______________________________________________________________________________

**Kindersiektes:** ______________________________________________________________________________

**Huisdokter:** ______________________________________________________________________________

**Telefoonnommer van dokter:** ______________________________________________________________________________

## Inspuitings of inentings:

| Geboorte | 6 weke | 10 weke | 14 weke | 6/12 | 9/12 | 12/12 | 18 maande | Ander/ ekstra |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |

## Enige ander siektes of operasies: ______________________________________________________

4.7. Die ouers/voog verklaar hiermee dat die volgende mediese aspekte onder die personeel van die sentrum se aandag gebring moet word:

______________________________________________

4.8. Die volgende persoon/persone kan deur die sentrum se personeel geskakel word indien die ouers nie beskikbaar is in die geval van nood en wat namens ouers/voogde mag optree en toestemmings verleen:

_________________________________________________________________

(Naam en kontakbesonderhede)



Kopiereg voorbehou: Hierdie inskrywingsdokument is die eiendom van Huppelkind Dagsorgsentrum in Orania.

4.9. Die Sentrum word hiermee deur die ouers/voog toestemming verleen om die vermelde dokter te skakel, 'n afspraak te maak en die kind na die dokter of enige ander beskikbare dokter, mediese personeel en/of mediese sentrum te neem ingeval van 'n noodgeval, hoe gering ook al die mediese en gesondheidsrisiko's.

4.10. Die ouers/voog aanvaar dat hulle aanspreeklik sal wees vir die betaling van enige mediese, gesondheids, hospitaal en/of ambulans onkoste en uitgawes of onkoste en uitgawes wat daarmee verband hou, indien enige besering of siekte of kwaal deur die kind opgedoen word of redelikerwys vermoed word en die sentrum mediese of gesondheidshulp ontbied of toesien dat mediese of gesondheidshulp verleen word.

4.11. Vir doeleindes van hierdie ooreenkoms word "gesondheidshulp" wyd uitgelê en sluit tandartse, arbeidsterapeute, para-medici, maatskaplike werkers en sielkundiges in.

4.12. Die sentrum het 'n medikasie, gesondheids- en veiligheidsbeleid wat van tyd tot tyd deur die sentrum aangepas en gewysig mag word. Sodanige medikasie, gesondheids- en veiligheidsbeleid word by hierdie ooreenkoms ingelyf en vorm deel van hierdie ooreenkoms.

4.13. Die ouers/voog aanvaar sodanige medikasie-, mediese- en veiligheidsbeleid en onderneem om hulleself daartoe te verbind.

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| **Handtekening: vader/ voog** | **Handtekening: moeder/ voog** | **Datum:** |

## 5.FOOIE

5.1. Die ouers/voog onderneem gesamentlik en afsonderlik as medehoofskuldenaars om alle fooie, koste en gelde wat in terme van hierdie ooreenkoms aan die sentrum betaalbaar is, op die aangewese betaaldag ten volle en stiptelik te betaal.

5.2. Behoudens enige ander fooie, koste, uitgawes en gelde wat in terme van hierdie ooreenkoms betaalbaar is, is die volgende registrasie, dagsorg- en ander dagfooie betaalbaar:

5.2.1. 'n **Registrasiefooi van R410 of** Ꝋ410 (vir doeleindes van hierdie ooreenkoms, aanvaar die sentrum die Ora as betaalmiddel en sal 'n verwysing na 'n bedrag in rand ook verwys na 'n ekwiwalente waarde in Ora) per kind is betaalbaar met inskrywing van u kind. Hierdie fooi is nie terugbetaalbaar nie ongeag of die ooreenkoms tussen die partye gekanselleer word en/of die kind nie meer die sentrum bywoon nie. Hierdie registrasiefooi sal deur die sentrum behou word as deel van die redelike kansellasiefooi in sodanige gevalle. Dit dek ook die kwartaallikse bydrae van handdoekpapier, toiletpapier, handewasseep en tandepaste.

5.2.2. 'n **Ouerfunksiefooi van R150** per gesin is voor of op die laaste dag van Februarie betaalbaar. Hierdie fooi finansier die 1ste fondsinsamelingsprojek.

5.2.3. **Die dagsorgfooi beloop R2430 (voldag) en R2300 (halfdag) en R1670 (3-dag-week en maksimum 12 dae per maand, indien die dagsorg meer as 12 dae bygewoon word, geld óf die halfdag- óf die voldagfooi onmiddellik)** onderskeidelik per maand, indien die kind voltyds by die sentrum ingeskryf is en is betaalbaar ten opsigte van die tydperk, vanaf datum van inskrywing tot aan die einde van die betrokke kalenderjaar. (Duidelikheidshalwe: indien die kind aan die begin van die jaar ingeskryf word, beloop die dagsorgfooi die totaal van die maandelikse dagsorgfooi vermenigvuldig met 12.) Die dagsorgfooi is vooruitbetaalbaar voor of op die 7de dag van elke maand, met dien verstande dat die eerste maandelikse dagsorgfooi betaalbaar is binne 7(SEWE) dae na ondertekening van hierdie ooreenkoms of voor of op die 15de dag van Januarie ______________, welke datum laaste plaasvind. Die partye boekstaaf dat voldag/halfdag (NOTA: kies een van die drie alternatiewe) dagsorgfooi in terme van hierdie ooreenkoms betaalbaar is.



Kopiereg voorbehou: Hierdie inskrywingsdokument is die eiendom van Huppelkind Dagsorgsentrum in Orania.

5.2.4. Indien u kind voor of op die 15de van die maand inskryf, is die volle maandelikse dagsorgfooi betaalbaar ten opsigte van die totale maand waarin ingeskryf word tot die einde van die jaar.

5.2.5. Indien u kind na die 15de van enige betrokke maand inskryf, is ‘n dagfooi betaalbaar ten opsigte van die oorblywende gedeelte van sodanige maand waarin ingeskryf word ooreenkomstig die dagfooietarief hieronder uiteengesit. Daarna sal die maandelikse dagsorgfooi van toepassing en betaalbaar wees.

5.2.6. **Indien dagfooie in terme van hierdie ooreenkoms van toepassing is, sal die volgende dagfooi betaalbaar wees. Dagfooie: R150 halfdag tot 12:00 en R200 voldag. Die totale dagfooi is betaalbaar ongeag of ‘n kind nie vir die volle duur van die ooreengekome daaglikse dagsorgure by die sentrum teenwoordig is nie. Dagfooie is betaalbaar voor of op die 7de dag van elke maand wat volg op die maand waarin sodanige dagsorg verleen is.**

5.2.7. **Indien ‘n kind nie betyds by die sentrum ooreenkomstig die tydskedule uiteengesit in die algemene beleidsdokument kom haal word nie, sal die ouer/voog en verantwoordelike persoon vir die rekening aanspreeklik wees om ‘n addisionele uurfooi vir elke uur of gedeelte daarvan wat die kind langer by die sentrum gehou word te betaal. Die uurfooie beloop R200 per uur pro rata uitgewerk. Hierdie fooi sal op die daaropvolgende faktuur aangebring word.**

5.2.8. Die partye kom ooreen dat aangesien die kind nie voltyds by die sentrum ingeskryf is nie, maar slegs vir ‘n **dag/_________ dae**, sal ‘n spesiale dagfooi van **R ____ per half-/voldag (skrap welke een nie van toepassing is nie)** betaalbaar wees en sal klousules 5.2.1. tot 5.2.6. nie van toepassing wees nie. (Skrap indien hierdie klousule nie van toepassing is nie.)

5.2.9. Die volle maandelikse dagsorgfooie is steeds betaalbaar al sou die kind met vakansie of siek wees.

5.2.10. ‘n Rekening met ‘n H-nommer word by die finansieskantoor vir u geskep. Dié kantoor stuur state en fakture per vonkpos uit. Indien u nie vonkpos het nie, is dit u verantwoordelikheid om u faktuur by Huppelkind se ontvangs by die bestuurder af te haal.

5.2.11. Indien u om een of ander rede geen rekening ontvang nie, bly dit die ouer/voog en persoon verantwoordelik vir die rekening se verantwoordelikheid om uit te vind wat die verskuldigde en betaalbare bedrag is en om die rekening voor of op die 7de van die maand te vereffen.

5.2.12. Indien u nalaat om voor of op die 7de van die maand die dagsorgfooie te betaal, **sal u kind se bywoning tydelik opgeskort word totdat die fooie vereffen is of sal die sentrum, behoudens enige regte of remedies waaroor die sentrum mag beskik, geregtig wees om hierdie ooreenkoms ooreenkomstig die bepalings in hierdie ooreenkoms uiteengesit te kanselleer**.

5.3. Betaling kan in kontant by die ontvangs van die sentrum geskied waarna ‘n kwitansie aan die persoon wat die betaling doen uitgereik word of betalings kan direk by OSK in Huppelkind Dagsorgsentrum se rekening by **OSK** met rekeningnommer **GD134** geskied**.**

5.4. ‘n EFT-betaling kan in die volgende bankrekening gemaak word: **Naam:** OSK **bank,** Standardbank Hopetown; T**akkode**: 050 103; **Rekeningnommer:** 041 712 617; **Verwysing**: GD134 + H-nommer en kind se voorletter en van.

5.5. ‘n Bewys van betaling van enige verskuldigde en betaalbare bedrag moet aan die bestuurder van die sentrum per Whatsapp of vonkpos gestuur word, alvorens u kind die sentrum mag bywoon.

5.6. ‘n 5%-afslag (vyf present) kan toegestaan word op die totale maandelikse dagsorgfooi van die betrokke jaar (12 maande) indien die totale dagsorgfooi vir die jaar voor of op die laaste dag van Februarie vooruitbetaal word. Wanneer die kind die sentrum verlaat of hierdie ooreenkoms beëindig word voor verstryking van die einde van sodanige kalenderjaar, is sodanige fooie nie terugbetaaalbaar nie, tensy die partye skriftelik tot die teendeel ooreenkom of gebiedende bepalings van enige wetgewing die teendeel bepaal in welke geval die sentrum geregtig is op redelike kansellasiekoste.

## 6.VERANTWOORDELIKE PERSOON VIR REKENINGE

Die ouers/voog kan ‘n derde party aanwys wat verantwoordelik gaan wees vir alle of sekere gelde, fooie, uitgawes en kostes aan die sentrum betaalbaar in terme van hierdie ooreenkoms, met dien verstande dat die ouers/voogde nie vrygeskeld word van die



Kopiereg voorbehou: Hierdie inskrywingsdokument is die eiendom van Huppelkind Dagsorgsentrum in Orania.

aanspreeklikheid om sodanige gelde, fooie, uitgawes en kostes te betaal nie. Daar sal van sodanige derde party vereis word om hierdie ooreenkoms te onderteken en sal die onderneming in Aanhangsel D uiteengesit sodanige persoon verbind as borg en medehoofskuldenaar vir die ouers/voog se verpligtinge teenoor die sentrum wat betref die betaling van sodanige gelde, fooie, uitgawes en kostes in sodanige aanhangsel gespesifiseer sodra dit verskuldig, opeisbaar en betaalbaar raak.

## 7.DUUR VAN DIE OOREENKOMS

7.1. Hierdie ooreenkoms duur vanaf 1 Januarie ______ tot en met 31 Desember _____.

7.2. ‘n Nuwe ooreenkoms moet jaarliks tussen die partye gesluit word ten opsigte van elke jaar wat ‘n ouer of voog begerig is om ‘n kind by die sentrum in te skryf onderhewig aan sodanige bepalings en voorwaardes waarop die partye op sodanige tydstip mag ooreenkom.

7.3. Die ouers/voog is geregtig om hierdie ooreenkoms met 20 (TWINTIG) besigheidsdae vooraf skriftelike kennisgewing te kanselleer, met dien verstande dat die ouers/voog aanspreeklik sal wees vir redelike kansellasiekoste. Die partye kom ooreen dat die volgende redelike kansellasiefooi betaalbaar is indien die ouers/voog hierdie ooreenkoms ingevolge hierdie klousule kanselleer: die totaal van 1 (EEN) kalendermaand se dagsorgfooi, die registrasiefooi en enige verdere werklike verspilde koste. Indien daar meer as een ouer of voog is, moet alle sodanige persone hierdie ooreenkoms gesamentlik kanselleer. Indien nie, sal hierdie ooreenkoms voortduur en sal beide ouers of voogde gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik bly vir alle verpligting in terme hiervan.

## 8.VERSUIM OM DIE BEPALINGS EN VOORWAARDES NA TE KOM

Indien enige party enige bepaling of voorwaarde van hierdie ooreenkoms verbreek of nie nakom nie, is die ander party geregtig; nadat, **20 (TWINTIG**) besigheidsdae, vooraf skriftelike kennisgewing gegee is aan die party in versuim, waarin geëis word om die kontrakbreuk reg te stel en sodanige party aan wie sodanige kennisgewing gestuur is, desnieteenstaande steeds weier of versuim;

8.1. om spesifieke nakoming te eis;

Of,

8.2. die ooreenkoms skriftelik te kanselleer,

En

8.3. behoudens enige ander reg of remedie waaroor die onskuldige party ingevolge hierdie ooreenkoms beskik en bykomend tot die alternatiewe remedies in die voorafgaande subklousules uiteengesit, ook skadevergoeding te eis.

## 9.PERSOONLIKE INLIGTING

9.1. Tensy ‘n ouer of voog uitdruklik en skriftelik tot die teendeel instruksie gee, verleen die ouer/voog hiermee aan die sentrum toestemming om enige kredietinligting van die ouer/voog of verantwoordelike persoon te versamel, te stoor of andersins te hanteer, asook sodanige inligting van die kind of ouer/voog te versamel, te stoor of andersins te hanteer en aan te wend, wat beskikbaar gestel word deur ‘n ander ouer, voog of personeel van die sentrum of sodanige aangewese persone of persone deur die sentrum gemagtig wat nodig mag wees om die belang van die kind te dien.

**9.2. Die ouers/voogde erken en aanvaar dat foto’s van die kind van tyd tot tyd geneem kan word en gee hiermee toestemming dat sodanige foto’s vir bemarkingsdoeleindes deur die sentrum aangewend mag word en met of sonder die naam van die kind te publiseer of in die pers of sosiale media vry te stel ten einde enige aktiwiteite of prestasies ten toon te stel.**



Kopiereg voorbehou: Hierdie inskrywingsdokument is die eiendom van Huppelkind Dagsorgsentrum in Orania.

## 10.“WATS NUUS”-GROEPE

Die ouers/voogde erken en aanvaar dat die sentrum die ouers/voogde op ‘n “Whatsapp”-groep kan plaas vir die doel om reëlings en afkondigings te kommunikeer. Die ouers/voogde onderneem om hulleself te verbind om nie sodanige platform vir enige ander doel aan te wend nie en sal die sentrum geregtig wees om reëls vir die gebruik van sodanige platform neer te lê en onderneem die ouers/voogde om hulleself daartoe te verbind.

## 11.MISSIE, VISIE EN WAARDES VAN SENTRUM

Daar word van ouers, voogde en kinders wat groot genoeg is verwag om die missie, visie en waardes van die sentrum te respekteer en hulle daartoe te verbind.

## 12.BELEID EN GEDRAGSKODES

Die ouers/voogde aanvaar dat hulleself en die kind (in die mate wat dit redelikerwys van die kind verwag kan word ooreenkomstig sy/haar ouderdom) hulle moet onderwerp aan die beleid en gedragskodes van die sentrum en indien ouers/voogde en die kind die beleid en/of gedragskode van die sentrum verbreek of nie nakom nie, sal dit geag word kontrakbreuk daar te stel en sal die sentrum geregtig wees om in sodanige geval hierdie ooreenkoms te kanselleer. Die ouers/voog erken en aanvaar dat die sentrum die beleidsdokumente en gedragskodes in hulle eie diskresie van tyd tot tyd redelikerwys mag aanpas en/of wysig en/of toevoegings daartoe bybring. Die sentrum sal egter kennis van enige aanpassing of wysiging of toevoeging vooraf skriftelik aan die ouers/voog gee. Indien ouers/voogde nie bereid is om hulleself aan sodanige aanpassing of wysiging en/of toevoeging te verbind nie, sal enige party geregtig wees om hierdie ooreenkoms, behoudens enige regte of remedies waaroor enige partye mag beskik, met 20 (TWINTIG) besigheidsdae vooraf skriftelike kennisgewing te kanselleer.

## 13.ALGEMEEN

13.1. Hierdie ooreenkoms, tesame met enige beleidsdokument waarna verwys word, vorm die uitsluitlike en volledige ooreenkoms tussen die partye en geen waarborg, voorstelling, onderneming, belofte of ander bedinge en voorwaardes van watter aard ook al wat nie hierin vervat is nie, sal op die partye bindend wees nie.

13.2. Geen wysiging van die bepalings of voorwaardes van hierdie ooreenkoms of enige onderlinge kansellasie daarvan, insluitende hierdie klousule, sal enige regskrag hê nie, tensy dit op skrif gestel en deur beide partye of hulle gevolmagtigdes onderteken is nie.

13.3. Geen toegewing wat een party aan 'n ander party maak, sal as 'n afstanddoening van die gewer se regte beskou word nie en sal ook nie nuwe regte skep nie en op geen wyse die gewer se regte inperk, wysig of benadeel nie.

13.4. By die uitleg van hierdie ooreenkoms, tensy teenstrydig is met of uitgesluit word deur die onderwerp of die konteks –

13.4.1. is die opskrifte slegs vir verwysingsdoeleindes en reguleer of beïnvloed dit geensins die vertolking van hierdie ooreenkoms of enige gedeelte daarvan nie, en wysig of vul dit dit nie aan nie;

13.4.2. sluit ’n uitdrukking wat enige geslag aandui, die ander geslag in; ’n natuurlike persoon sluit ’n regspersoon in en omgekeerd en die enkelvoud sluit die meervoud in en omgekeerd;

13.4.3. word verwysings na enige wetgewing geag verwysings na sodanige wetgewing in te sluit soos wat dit van tyd tot tyd gepromulgeer, afgekondig, gewysig, vervang of uitgebrei word;



Kopiereg voorbehou: Hierdie inskrywingsdokument is die eiendom van Huppelkind Dagsorgsentrum in Orania.

13.4.4. wanneer enige aantal dae in hierdie ooreenkoms voorgeskryf is, word dit bereken met uitsluiting van die eerste en insluiting van die laaste dag, tensy die laaste dag op ’n Saterdag, Sondag of op ’n openbare vakansiedag val, in welke geval dit die laaste dag van die daaropvolgende dag sal wees wat nie ’n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is nie.

13.4.5. beteken die woorde “insluit”, “sluit in” en “insluitend” “insluit sonder beperking”, “sluit in sonder beperking” en “insluitende sonder beperking”. Die gebruik van die woord “insluitend” gevolg deur spesifieke voorbeelde word gevolglik nie uitgelê as beperkend op die betekenis van die voorafgaande algemene bewoording nie. Die *eiusdem generis* reël moet bygevolg nie toegepas word by die vertolking van die bepalings van hierdie ooreenkoms nie; (*eiusdem generis* – indien ‘n algemene stelling gevolg word deur spesifieke voorbeelde, word so ‘n algemene stelling beperkend vertolk dat net dieselfde soort dinge of persone na verwys in die voorbeelde ingesluit word)

13.4.6. terme benewens dié wat in hierdie ooreenkoms gedefinieer is, kry hul eenvoudige Afrikaanse betekenis, en daardie terme, akronieme en frases wat in die algemene handels- of ’n spesifieke bedryf se praktyk bekend is, word volgens hul algemeen aanvaarde betekenisse vertolk;

13.4.7. enige beleidsdokument, skedule en aanhangsel wat by hierdie ooreenkoms aangeheg is, vorm onlosmaaklik deel van hierdie ooreenkoms en woorde en uitdrukkings wat in hierdie ooreenkoms gedefinieer is, het tensy die sinsverband anders vereis, dieselfde betekenis in sodanige skedule of aanhangsel;

13.4.8. enige verwysing na ’n kennisgewing word uitgelê as ’n verwysing na ’n skriftelike kennisgewing, en sluit ’n kennisgewing in wat elektronies versend word op só ’n wyse en in só ’n vorm dat die kennisgewing geredelik deur die ontvanger uitgedruk kan word binne 'n redelike tyd en teen ’n redelike koste;

13.4.9. dra elk van die volgende woorde en uitdrukkings die betekenis daarteenoor en het verwante uitdrukkings ooreenstemmende betekenisse:

“Openbare vakansiedag” beteken:

alle kalenderdae wat deur gevestigde gebruik as openbare vakansiedae in Orania geag word.

“Partye” beteken:

die sentrum en die ouers of voog na gelang van die geval in die aanhef gemeld, en sluit ook in die verantwoordelike persoon sowel as hulle opvolgers in titel, regsverkrygendes, eksekuteurs, likwidateurs, kurators en administrateurs, na gelang van die geval;

“skriftelik” beteken:

geskryf, drukwerk, tikskrif, litografie of enige ander meganiese of elektroniese proses, of gedeeltelik die een en gedeeltelik die ander.

13.4.10. Indien enige bepaling in ’n omskrywing ’n wesenlike bepaling is wat regte of verpligtinge oplê op enige party, nieteenstaande die feit dat dit slegs in die omskrywingsklousule is, sal uitvoering daaraan gegee word asof dit ’n wesenlike bepaling in die liggaam van die ooreenkoms is.



Kopiereg voorbehou: Hierdie inskrywingsdokument is die eiendom van Huppelkind Dagsorgsentrum in Orania.

13.4.11. Die reël van konstruksie dat ’n kontrak vertolk moet word teen die party verantwoordelik vir die opstelling of voorbereiding van die kontrak geld nie vir hierdie ooreenkoms nie;

13.4.12. Die bepalings van hierdie ooreenkoms sal van toepassing wees en afdwingbaar wees teenoor die partye se regsverkrygendes of opvolgers in titel, eksekuteurs, likwidateurs, kurators en administrateurs, na gelang van die geval.

13.4.13. Elke bepaling en voorwaarde in hierdie ooreenkoms uiteengesit, sal geag word ‘n wesenlike term, bepaling en voorwaarde te wees en indien enige term, bepaling of voorwaarde verbreek word of nie nagekom word nie, sal die ander party geregtig wees om sy regte en remedies uit te oefen in hierdie ooreenkoms uiteengesit, insluitende maar nie daartoe beperk nie, die ooreenkoms te kanselleer.

13.5. Die ondertekening van ‘n duplikaat van hierdie ooreenkoms deur enige een van die partye, sal ewe effektief wees as in geval die partye dieselfde dokument sou geteken het.

13.6. Die verstryking of kansellasie van hierdie ooreenkoms sal nie bepalings of voorwaardes raak of inperk, wat uitdruklik stel dat hulle werking na enige verstryking of kansellasie voortduur, of wat noodwendig moet voortduur ten einde behoorlike betekenis en effek daaraan of aan die ooreenkoms te kan gee, nieteenstaande dat sodanige bepalings of voorwaarde nie self voorsiening daarvoor maak nie.

13.7. Alle klousules insluitende subklousules in hierdie ooreenkoms vervat, is skeibaar van mekaar en indien enige klousule onwettig, ongeldig en/of onafdwingbaar raak, beïnvloed dit nie op enige wyse die regskrag en effek van die oorblywende klousules nie.

13.8. Elke party kies as *domicilium citandi et executandi* sy fisiese adres, soos aangebring in die aanhef van hierdie ooreenkoms, of uiteengesit in die aanhangsels hiertoe by welke adres alle regskennisgewings en pleitstukke in verband met hierdie ooreenkoms of enige aksie voortspruitende daaruit, effektief afgelewer en beteken kan word. Bogemelde adres mag deur enige party verander word deur skriftelike kennisgewing aan die ander party. Alle kennisgewings wat deur een party aan die ander gegee word moet skriftelik wees en sal geag wees ontvang te wees by die gemelde adres op die vyfde dag nadat dit per geregistreerde pos afgestuur is of op datum van aflewering indien per hand afgelewer word, of per faks of per vonkpos effektief gestuur word.

13.9. Daar word spesifiek ooreengekom dat die gebruik van faks en vonkpos as korrespondensiemetode vir aflewering en ontvangs van algemene kennisgewings, ontvangserkennings, aanmanings of ander korrespondensie nie verbied word nie.

13.10. Die partye stem toe tot die jurisdiksie van die landdroshof in terme van Artikel 45 van die Landdroshofwet, Wet 32 van 1944, soos gewysig, ten opsigte van enige aksie voortspruitend uit hierdie ooreenkoms, sonder benadeling van die regte van die partye om die hooggeregshof in die verband te nader.

13.11. ‘n Sertifikaat onderteken deur die sentrum se bestuurder sal dien as *prima facie* (afdoende tensy weerlê word) bewys dat die totale bedrag, soos uiteengesit op die gemelde sertifikaat, deur die ouers/voog aan die sentrum verskuldig is in terme van hierdie ooreenkoms, met die gevolg dat die ouers/voog die bewyslas dra om die teendeel te bewys.

13.12. Ouers is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van alle gelde, fooie en uitgawes in terme van hierdie ooreenkoms en vir die nakoming van alle verpligtinge in hierdie ooreenkoms na verwys, ongeag of ouers geskei of



Kopiereg voorbehou: Hierdie inskrywingsdokument is die eiendom van Huppelkind Dagsorgsentrum in Orania.

vervreemd van mekaar is of tydens die duur van hierdie ooreenkoms skei of vervreemd van mekaar raak al dan nie en ondanks in wie se sorg die kind geplaas word.

13.13. Indien 'n persoon verantwoordelikheid vir die betaling van enige gelde, fooie en uitgawes neem, verbind hy/sy hom/haarself in sy/haar persoonlike hoedanigheid met die ondertekening van hierdie ooreenkoms teenoor die sentrum as borg en medehoofskuldenaar, gesamentlik en afsonderlik, met die ouers/voog vir die nakoming van al die ouers/voog se verpligtinge in terme van hierdie ooreenkoms wat betrekking mag hê op die betaling van enige gelde, fooie of uitgawes.

**VERKLARING**

Ek/Ons die ondergetekendes,

___________________________________________ (volle naam en van van ouer/voog)

EN

___________________________________________(volle naam en van van ouer/voog)

die ouer/voog van

_________________________________________(volle naam en van van die kind)

EN

______________________________________________(volle naam en van van verantwoordelike persoon vir enige gelde, fooie en uitgawes)

verklaar hiermee met my handtekening dat:

a. ek/ons die bepalings en voorwaardes van die ooreenkoms, al die aanhangsels, sowel as al die beleidsdokumente gelees het en dit verstaan en aanvaar dit hiermee en verbind my-/onsself daartoe onderhewig aan die finale goedkeuring van my/ons aansoek om inskrywing;
b. ek/ons die vader, moeder of voog (indien van toepassing) van die kind hierbo vermeld is;
c. ek/ons persoonlik aanspreeklikheid aanvaar om alle gelde, fooie en uitgawes hierin vermeld aan die sentrum te betaal. Ek verstaan dat die sentrum my gesamentlik met 'n ander ouer, voog of ander verantwoordelike persoon of my afsonderlik mag aanspreek vir sodanige betaling. Ek verstaan dat hierdie verpligting deurlopend tydens die duur van hierdie ooreenkoms en selfs na kansellasie van hierdie ooreenkoms sal voortduur al word 'n ander persoon hierin as verantwoordelike persoon aangedui;
d. ek erken dat ek my vergewis het van die fooie, gelde en uitgawes uiteengesit in hierdie ooreenkoms in besonder maar nie daartoe beperk nie uiteengesit in klousule 5.2. hierbo en dat ek in die finansiële posisie is om dit te kan betaal.



Kopiereg voorbehou: Hierdie inskrywingsdokument is die eiendom van Huppelkind Dagsorgsentrum in Orania.

e. ek onderneem om die sentrum so gou doenlik in kennis te stel indien my persoonlike besonderhede uiteengesit in die aanhangsels hiertoe verander.

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| **Handtekening: vader/ voog** | **Handtekening: moeder/ voog** | **Datum:** |

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| **Handtekening: verantwoordelike persoon** | **Handtekening: verantwoordelike persoon** | **Datum:** |

Hierdie aansoek om inskrywing is onderhewig aan die finale goedkeuring deur die bestuurder van die sentrum wat in haar uitsluitlike diskresie hierdie aansoek kan afkeur sonder die opgaaf van redes of tydelike of voorlopige goedkeuring kan gee onderhewig aan verdere bepalings en voorwaardes.

Die sentrum sal hierdie aansoek eers oorweeg nadat hierdie ooreenkoms behoorlik voltooi, onderteken en tesame met die volgende dokumente oorhandig is. **LET WEL!**

**Die vorm sal nie aanvaar word indien enige van die volgende vorms ontbreek nie.**

- **'n Gesertifiseerde afskrif van u kind se geboortesertifikaat** ☐
- **'n Gesertifiseerde afskrif van u kind se immuniseringsertifikaat** ☐
- **'n Gesertifiseerde afskrif van BEIDE ouers se identiteitsdokumente** ☐
- **'n Onlangse foto van die genoemde kind op dié inskrywingsvorm** ☐
- **'n Bewys van verblyfreg in Orania** ☐
- **'n Gesprek met die opvoedingsraad van Orania CVO-skool** ☐

**HIERMEE WORD DIE AANSOEK GOEDGEKEUR** deur die bestuurder van die sentrum en met die aanbring van haar handtekening het die ooreenkoms tot stand gekom en tree hierdie ooreenkoms in werking.

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| **Handtekening: BESTUURDER VAN SENTRUM** | **Handtekening: NAMENS BEHEERRAAD** | **Datum:** |



Kopiereg voorbehou: Hierdie inskrywingsdokument is die eiendom van Huppelkind Dagsorgsentrum in Orania.

# AANHANGSEL A EN B

| AANHANGSEL A | |
|---|---|
| **KIND SE BESONDERHEDE:** | |
| Van: | |
| Volle name: | |
| Noemnaam: | |
| Geboortedatum: | |
| Geslag: | |
| Woonadres: | |
| | Kode: |

KANTOORGEBRUIK

| Inskrywingsdatum: | | Begindatum: | | Klas: | |
|---|---|---|---|---|---|

| Tipe inskrywing: | Voldag per maand | | Per 3-dag-week - maks. 12 dae p.m. | |
|---|---|---|---|---|
| | Halfdag per maand | | Orania oriënteringsdae | |

KANTOORGEBRUIK

| AANHANGSEL B | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **OUERS SE BESONDERHEDE:** | | | | | | | | |
| | VADER/ VOOG: | | | | MOEDER/ VOOG: | | | |
| Van: | | | | | | | | |
| Volle name: | | | | | | | | |
| Noemnaam: | | | | | | | | |
| ID-nommer: | | | | | | | | |
| Huwelikstatus: | | | | | | | | |
| Huistaal: | | | | | | | | |
| Woonadres: | | | | | | | | |
| | | Kode: | | | | Kode: | | |
| Selfoonnommer: | | | | | | | | |
| Werk-/huistelefoon: | | | | | | | | |
| E-pos: | | | | | | | | |
| E-pos: | | | | | | | | |
| Kerkverband: | | | | | | | | |
| Werkgewer: | | | | | | | | |
| Bevestig asb. dat inkomste genoegsaam vir vereffening van dagsorgfooi is: | Ja: | | Nee: | | Ja: | | Nee: | |
| Ontvang u 'n staatstoelaag? | Ja: | | Nee: | | Ja: | | Nee: | |
| Indien wel, watter tipe toelaag? | | | | | | | | |
| Ander kinders in die gesin en ouderdom: | | | | | | | | |



Kopiereg voorbehou: Hierdie inskrywingsdokument is die eiendom van Huppelkind Dagsorgsentrum in Orania.

| Het u enige beswaar teen die neem van foto's van u kind(ers) en plasing op die Huppelkind-Shatsappgroepe en vir advertensiedoeleindes: | Ja: | | Nee: | |
|---|---|---|---|---|

## AANHANGSEL C

| VERANTWOORDELIKE PERSOON SE BESONDERHEDE (WIE KIND BY SENTRUM MAG KOM OPLAAI): | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | VADER/ VOOG: | | | MOEDER/ VOOG: | | |
| Van: | | | | | | |
| Volle name: | | | | | | |
| Noemnaam: | | | | | | |
| ID-Nommer: | | | | | | |
| Huwelikstatus: | | | | | | |
| Huistaal: | | | | | | |
| Fisiese adres: | | | | | | |
| | | Kode: | | | Kode: | |
| Selfoonnommer: | | | | | | |
| Huistelefoon: | | | | | | |
| Werktelefoon: | | | | | | |
| Vonkpos: | | | | | | |
| Beroep: | | | | | | |
| Werkgewer: | | | | | | |

## AANHANGSEL D

| VERANTWOORDELIKE PERSOON SE BESONDERHEDE (PERSOON VERANTWOORDELIK VIR REKENINGE): | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | VADER/ VOOG: | | | MOEDER/ VOOG: | | |
| Van: | | | | | | |
| Volle name: | | | | | | |
| Noemnaam: | | | | | | |
| ID-nommer: | | | | | | |
| Huwelikstatus: | | | | | | |
| Huistaal: | | | | | | |
| Fisiese adres: | | | | | | |
| | | Kode: | | | Kode: | |
| Selfoonnommer: | | | | | | |
| Huistelefoon: | | | | | | |
| Werktelefoon: | | | | | | |
| E-pos: | | | | | | |
| Beroep: | | | | | | |



Kopiereg voorbehou: Hierdie inskrywingsdokument is die eiendom van Huppelkind Dagsorgsentrum in Orania.

| **Werkgewer:** | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bevestig asb. dat inkomste genoegsaam vir vereffening van dagsorgfooi is:** | **Ja:** | | **Nee:** | | **Ja:** | | **Nee:** | |

EK, ________________________________, neem verantwoordelikheid as derde party en verantwoordelike persoon vir die betaling van die volgende fooie, koste, gelde en/of uitgawes ten behoewe van die ouers/voog en kind:

__________________________________

En verbind myself hiermee as borg en medehoofskuldenaar in my persoonlike hoedanigheid vir die nakoming van die ouers/voog se verpligtinge teenoor die sentrum wat betref die betaling van vermelde gelde, fooie, uitgawes en kostes sodra dit verskuldig, opeisbaar en betaalbaar raak.

**GETEKEN TE ____________________ op hierdie____________ dag van________________________________20____**

**Bestuurder Huppelkind :** **Ouer (vader):** **Ouer(moeder):** **Voog:**

| **Ander familie in Huppelkind:** |
|---|



Kopiereg voorbehou: Hierdie inskrywingsdokument is die eiendom van Huppelkind Dagsorgsentrum in Orania.